Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, April 15, 2018
Page: 5

Sorg vir gestremde kind met spesiale trust

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Ek kyk vandag na ’n lesersvraag na aanleiding van my rubriek verlede week: “Familietrust kan nie ouerplig oorneem”.

“Hoe kan ek as grootouer op die doeltreffendste manier voorsiening maak vir ’n gestremde kleinkind?”

Dit is ’n outistiese meisietjie, nege jaar oud en laag funksionerend. Sy sal waarskynlik lewenslank versorg moet word.

Die onlangse gebeure in die nuus oor gestremde pasiënte het die leser erg bekommerd.

Na my mening, as jy gemoedsrus wil hê, is daar net een pad om te loop, en dit is met ’n trust. Maar laat ek dit sommer uit die staanspoor sê: Trusts is nie almal dieselfde nie. Omdat ’n ding ’n trust genoem word, sê nie dit is ’n doelmatige instrument nie. ’n Trust is niks anders nie as ’n kontrak, en kontrakte verskil.

Om vir ’n gestremde kind te sorg, moet jy ’n spesiale trust skep. ’n Spesiale trust is ’n eiesoortige trust, waarvoor spesiaal voorsiening gemaak is in die Inkomstebelastingwet. Dit word belas volgens die skaal vir natuurlike persone - en nie dié van trusts nie.

Om te kwalifiseer, moet die trust aan sekere vereistes voldoen. Die trust moet opgerig word uitsluitlik vir die versorging van ’n gestremde persoon, wat weens sy of haar gestremdheid nie in staat is om ’n inkomste te verdien nie. Die wet omskryf so ’n persoon spesifiek.

Daar is ’n tweede tipe spesiale trust wat geskep word vir kinders onder die ouderdom van 18 jaar (nie gestrem), maar ek hou by die trust vir gestremdes. Die verskil is klein en het maar basies te doen met die belastingtoegewings.

’n Spesiale trust kan net geskep word by wyse van ’n testament (’n testamentêre trust), en die oorledene moet ’n familielid wees. ’n Oupa of ouma kwalifiseer as so ’n familielid.

Die trust moet uitsluitlik voorsiening maak vir daardie gestremde (of minderjarige). As enige ander nie-gestremde persoon ook ’n begunstigde van die trust is, sal die trust nie kwalifiseer as ’n spesiale trust nie.

Belangrik verder is hoe om genoeg geld daarin te kry om vir die kind te sorg.

Die leser vra of hy sy lewende annuïteit ná sy vrou se dood - hy glo blykbaar dat mans eerste sterf - aan die trust kan begunstig.

Ja, jy kan, maar daar is belasting betaalbaar op ’n lewende annuïteit van tot 36% as jy dit laat uitkeer.

Jy kan seker reël dat die trust eerder die inkomste uit die lewensannuïteit kry, maar dis vir my ’n baie onseker manier van doen. As jy beplan, doen jy dit tog om sekerheid te hê, anders beplan jy mos nie.

Jou vrou kan jou met baie jare oorleef en die geld in die lewende annuïteit uitput, of weer trou en dit wat oor is aan ’n nuwe liefde begunstig (snaakse goed gebeur as jy eers dood is).

As jy nie baie geld in beleggings het wat jy testamentêr kan bemaak nie, is lewensversekering jou sekerste manier om kapitaal te skep. Jy weet jy gaan dood - ek ook - maar nie een van ons weet wanneer nie.

Daarom is ’n lewenspolis na my mening die beste. Begunstig die polis direk aan die trust.

■ Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.